

PREDIKANTE

Ds. Anton Dednam
060 996 7291
anton@gkrietvallei.co.za
(Wyke met gelyke nrs.)

Ds. Danie Potgieter
072 272 9631
danie@gkrietvallei.co.za
(Wyke met ongelyke nrs.)

SKRIBA
Ouderling Deon Venter
083 376 7523
skriba@gkrietvallei.co.za

DIAKONIE
Diaken Annamarie
van der Merwe
083 264 0328
avdm2@mweb.co.za

**OPERASIONELE
BESTUURDER**
Ouderling Thomas
Coetsee
061 197 3695
thomas@gkrietvallei.co.za

SUSTERS
Sr. Inneke Dednam
081 750 6468
gkrietvalleisusters
@gmail.com

FINANSIES
Estelle Strydom
012 347 7362
fin@gkrietvallei.co.za

ADMINISTRASIE
Sr. Karen de
Lange
012 347 7362
admin@gkrietvallei.co.za

KOSTER
Ouderling Thomas
Coetsee
061 197 3695

ORRELIS
Sr. Christine v. Helden
072 658 5664
christine@realaccounting.
co.za

ELJADA
eljada@gkrietvallei.co.za



Vertel en Leef die Goeie Nuus



“Wie hulle nie by My skaar nie, is teen My , en wie nie saam met My bymekaarmaak nie, verstrooi.” Lukas 11:23

11 Oktober 2026

WOORDBEDIENING

OGGENDDIENS om 09:15

- Psalm 2: 6
- SB 12-1
- Psalm 4: 3, 4
- Psalm 9: 1, 7, 10
- Psalm 25: 2
- Psalm 86: 6

Skriflesing: 1 Samuel 15: 12-23 ('33/'53 Vertaling)

“²²Daarop sê Samuel: Het die Here behae in brandoffers en slagoffers soos in gehoorsaamheid aan die stem van die Here? Kyk, om gehoorsaam te wees is beter as slagoffer, om te luister beter as die vet van ramme. ²³Want wederstrewigheid is 'n sonde van waarsêery, en eiesinnigheid is afgodery en beelddiens. Omdat jy die woord van die Here verwerp het, het Hy jou as koning verwerp.”

I SAMUEL 15:22-23

Tema: Om te doen waartoe die Here ons roep.

1. Om dit met 'n swaar hart te doen
2. Om dit anders te doen
3. Om dit voor die Here te doen.

Ons reaksie op wat God van ons vra, raak ons lewensdoel.

WOORDBEDIENING

AANDDIENS om 18:00

Psalm 33: 1, 5, 6

SB 2-5: 1, 2, 3

SB 1-1: 1, 2, 3

Skriflesing: Deuteronomium 7: 6-8; 14:2 (2020 Vertaling)
Efesiërs 1:3-14 (2020 Vertaling)
Dordtse Leerreëls Hoofstuk 1 Artikels 6 en 7

“⁴So het Hy ons voor die grondlegging van die wêreld in Hom uitgekies, sodat ons heilig en onberispelik in liefde voor Hom sou wees, ⁵nadat Hy ons voorbestem het om ons deur Jesus Christus as sy kinders aan te neem, soos Hy dit volgens sy wil goedgevind het, ⁶tot lof van die heerlijkheid van sy genade, waarmee Hy ons in die Geliefde begunadig het.”

Efesiërs 1:4-6

Tema: God het in liefde ons in Christus uitverkies om heilig voor Hom te lewe.

Die Heilige Skrif leer vir ons dat God besluit om uit alle volke en tale sekere mense uit te kies tot saligheid in Christus. Tog word hierdie uitverkiesing vandag op verskillende maniere verstaan en verklaar. Volgens sommige is God se uitverkiesing afhanklik van die mens se geloof. God sien vooruit wie sal glo en op grond van die vooruitgesiene geloof kies Hy mense om aan Hom te behoort. Daarteenoor leer ons in die Bybel dat God se uitverkiesing onvoorwaardelik is en berus op God se vrye besluit. God se uitverkiesing is nie gebaseer op geloof nie; geloof is 'n vrug van God se uitverkiesing.





BAIE GELUK

Saam met elke lidmaat wat hierdie week verjaar, dank ons die Here vir nog 'n geseënde lewensjaar.

Br. Gert Dry (D21) vier DV 13 Oktober sy 82ste verjaarsdag.

Ons bid vir hom in besonder, maar ook vir elke lidmaat wat verjaar die Here se genade en vrede vir 'n vreugdevolle nuwe lewensjaar toe.

*“Mag Hy aan u gee wat u hart verlang, en elkeen van u planne laat slaag.”
Psalms 20:5*

BELYDENDE LIDMATE

11 Okt	Sarita Cronje	A12
11 Okt	Piet Jv Rensburg	D19
11 Okt	Aletta Kloppe	D15
11 Okt	Sarie vd Schyff	D33
11 Okt	Lizette Vlotman	D33
12 Okt	Lynelle Steyn	A14
13 Okt	Izak Bisschoff	D25
13 Okt	Jaco de Beer	A16
13 Okt	Lourens Dormehl	D19
13 Okt	Gert Dry	D21
14 Okt	MJ de Kock	A10
14 Okt	Linda Kruger	D33
14 Okt	Jan Quist	D33
14 Okt	Suan Snyman	D09
15 Okt	Antonie de Klerk	D35
15 Okt	Lukas Fourie	A24
15 Okt	Herman Smit	D13
16 Okt	Maxi Alberts	D05
16 Okt	Henk Langerak	D07
17 Okt	Vian de Villiers	D03

DOOPLIDMATE

16 Okt	Hailey Grove	A30
--------	--------------	-----

Die volgende lidmate word aan die sorg van ons Here opgedra:

- Ulrich seun van br. Kobus en sr. Eloise Pelser (D03) word gehospitaliseer en ontvang behandeling.
- Sr. Pattie Dietzsch (A32) het Donderdag 'n heup-vervangings operasie ondergaan en word gehospitaliseer.
- Sr. Grace Versteeg (A04) het Dinsdag 6 Oktober 'n operasie ondergaan en word gehospitaliseer.
- Marius Venter jnr, seun van br. Marius en sr. Alida Venter (A16), is ontslaan en sterk tuis aan.
- Sr. Elsie Naude (A02) is Vrydag 9 Oktober vir 'n prosedure in die hospitaal opgeneem.

Gelukwense

Baie geluk aan Johan Steyn, A04, wat by die onlangse Suid-Afrikaanse Nasionale skole skyfskiet-byeenkoms 'n brons-medalje vir seuns onder 14 – pistoolskiet verwerf het. Baie geluk ook aan Rudolf en Annatjie Steyn, Johan se trotse ouers.



Inligting



Kollekte by
deure vir
**EMERITAATS-
VERSORGING**



Kollekte onder die
diens gaan vir die
**barmhartighheids-
diens van die
diakens**

Die emeritaatsfonds word gebruik
om emerituspredikante, -weduwees
en wese van die GKSA met
lewensonderhoud en mediese
bystand eervol te help versorg.

Baie dankie vir u bydrae.

RIETVALLEI SE BANKREKENING- BESONDERHEDE

Kerkkas: Rekeningnommer:
34 9014 4306 Gebruik asb.
verwysing: WYK VAN NAAM

Diakonie: Rekeningnr: 40 5113 8620

Susters: Rekeningnr: 40 9473 9097

Franse mediabediening: 40 4878 6755

Al die rekeninge is by ABSA-takkode:
632 005

11 - 17 Oktober

Aktiwiteite hierdie week

VANDAG – 11 Oktober

Skinkbeurt: Wyke: A18 en D21
Gr 8- 12 Gesprek saam met ds. Anton

MAANDAG – 12 Oktober

Pluimbal: 16:00 – 20:00
Bybelstudie vir jong werkendes en studente:
18:00 (Kerk)

DINSDAG – 13 Oktober

Senior lidmate Bybelstudie: 10:00 (Konsistorie)
Pluimbal: 17:00 – 19:00
FK Vergadering: 18:00

WOENSDAG – 14 Oktober

Barmhartighheidsvergadering: 18:30 (Raadsaal)
Bedieningskommissie vergadering: 19:00
(Konsistorie)

DONDERDAG – 15 Oktober

Gemeente Bybelstudie: 09:00 (Saal)

VRYDAG - 16 Oktober

Bybelstudie: Vroegoggendvolgeling: 06:00
(Aanlyn)
Koinonia 17:00 – 21:00

SATERDAG - 17 Oktober

Susters Bybelstudie: 08:45 (Stoep)



Inligting

Liewe Gemeente

Met harte vol dankbaarheid wil ons elkeen van julle opreg bedank vir julle liefde, gebede, boodskappe, besoeke en ondersteuning gedurende Marius se siekte en hospitalisasie.

Dit was vir ons as gesin 'n baie moeilike en onseker tyd, maar deur alles het ons die Here se hand en Sy genade ervaar. Julle gebede en omgee het vir ons baie beteken en ons telkens moed gegee wanneer ons self swak gevoel het.

Ons glo vas dat die Here ons deur hierdie tyd gedra het, en ons is dankbaar dat Hy vir ons 'n gemeente gegee het wat saam met ons bid, saam met ons hoop en saam met ons die Here vertrou.

“Die Here is naby die gebrokenes van hart.” – Psalm 34:19

Baie dankie dat julle deel was van ons reis. Ons waardeer elkeen van julle opreg.

Met liefde en dankbaarheid,
Marius, Alida, Marius jnr en Stephan.

Skinkbeurte

- ☑ 4 Okt – Sondag
☕ Vrywilligers
- ☑ 11 Okt – Sondag
☕ A18 & D21
- ☑ 18 Okt – Sondag
☕ A20 & D07

Oktober 2026

- ☑ 25 Okt – Sondag
☕ A22 & D27

Vergaderings:

- ☑ 21 Okt – Woensdag:
Kerkraad met Diakens
☕ Verversingsdiensgroep



Sustersbestuurslid aan diens:

Nicolene Hoogenboezem - 082 551 4053

Kontak Nicolene vir enige navrae rakende die kombuis en ander suster-sake gedurende Oktober



Nuus uit die kerkverband

GKSA-nuus:

Meelewing:

Met leedwese maak ons bekend dat ds. MM (Mathews) Magome emerituspredikant van GK Matsau-Ottosdal, op 5 Oktober 2026 oorlede is.

Ds Magome was die predikant van GK Matsau-Ottosdal van 1994 tot 2017 waarna hy geëmeriteer het. Ons innige meelewing met sy geliefdes.



BYBELVERSPREIDING

Ons skenk 'n Bybel om die ontvanger toegang tot die boodskap van verlossing te gee. Begelei die ontvanger om die verlossingsboodskap in die Woord van God te ontdek.

Daarom...

- streef ons daarna om voor die einde van 2026 aan minstens 50 kinders uit arm huishoudings 'n Bybel te skenk.
- is dit ons mikpunt om vanjaar 500 Bybels deur middel van die Bybelgenootskap se Borg-'n-Bybelprogram te kan borg. Fondse wat op hierdie manier bekom word, word gebruik om die druk van Bybels te subsidieer.
- sê ons baie dankie aan die lidmate wat Bybels in die portaal neem om uit te deel. Onthou om 'n skenking vir die Bybelverspreidingsfonds te maak wanneer jy 'n Bybel in die portaal neem.
- is daar 'n houer met koeverte, pilbotteltjies en buisies op die rak in die portaal beskikbaar. Maak gerus gebruik hiervan vir jou bydrae vir Bybelverspreiding. (Elke botteltjie hou 20 R5-munte = R100) of doen 'n EFT gemerk "Bybelverspreiding".

Dit is alleen moontlik deur middel van die ruim skenkings van ons lidmate. Baie dankie daarvoor!

Die laaste skof van 2026

Die laaste skof van 2026 het aangebreek! Ons dink aan al die leerders en bid hulle die HERE se genade en liefde toe vir hierdie laaste skoolkwartaal van 2026. In die besonder dink ons aan die MATRIEKS wat eersdaags met hulle finale skooleksamen begin. Mag die HERE ook vir julle wysheid, insig en toewyding skenk om julle skoolloopbane met sukses af te sluit.



RIETVALLEI 40

GK Rietvallei vier sy bestaansjaar op 21 Junie 2027. Daarom beplan ons die Groot feesnaweek vir die naweek van 18–20 Junie 2027. Die voorlopige program vir die naweek is:

- Vrydagaand 18 Junie: 'n Musiekaand
- Saterdag 19 Junie: Fees-ete en moontlik 'n gawe-veiling
- Sondag 20 Junie: Fees-erediens en Nagmaal

Ons FEESJAAR se oorhoofse tema kom uit 1 Petr. 2: 9 en 10:

Ons is SAAM deur die Gees afgesonder om God se verlossingsdade te verkondig.

Doel van die 40-jaar feesjaar

Die feesjaar behoort nie slegs 'n viering van die gemeente se verlede te wees nie, maar ook 'n geleentheid om:

- die Here te dank vir **40 jaar se genade en trou**;
- die gemeente se geskiedenis te onthou en te bewaar;
- voormalige gemeentelede weer te kontak;
- jonger en ouer geslagte bymekaar te bring;
- die gemeente se geloofserfenis te vier;
- nuwe mense by die gemeente te betrek;
- die gemeente se betrokkenheid by Bybelverspreiding en sending te versterk;
- die kinders en jongmense deel van die fees te maak;
- die gemeente se toekoms met geloof en dankbaarheid tegemoet te gaan.

Die 40-jaar feesjaar moet daarom deur die hele jaar sigbaar wees en uiteindelik uitloop op die **groot feesnaweek van 18–20 Junie 2027**, rondom die gemeente se 40ste verjaarsdag op **21 Junie 2027**. Daarom is die voorstel dat ons gedurende die feesjaar elke maand op 'n maandtema fokus.

Feesjaar Maandtemas:

Elke maand van Januarie tot Desember kry sy eie tema. Die temas moet die hele reis van die feesjaar weerspieël en kry elkeen sy eie gepaste teksvers.

- ✚ Januarie: God het ons **GEPLANT**
- ✚ Februarie: God het ons **GEBOU**
- ✚ Maart: God het ons **GELEI**
- ✚ April: God het ons **GEDRA**
- ✚ Mei: God het ons **GESEËN**
- ✚ Junie (ons Feesmaand): Tot hiertoe het die Here ons **GEHELP**
- ✚ Julie: Nou **stuur God ons uit**
- ✚ Augustus: Ons **leef uit Sy Woord**. Ons fokus op Bybelverspreiding.
- ✚ September: Ons **dien mekaar**
- ✚ Oktober: Ons is **lig vir die wêreld**. Dit is ook ons **DANKBAARHEIDSMAND** en kan moontlik 'n FEES van INSAMELING insluit.
- ✚ November: Ons **PLANT** vir die volgende geslag: "Watter gemeente wil ons vir ons kinders en kleinkinders nalaat?"
- ✚ Desember: Ons vertrou die toekoms aan God toe - die jaar eindig met: "**Here, die volgende 40 jaar behoort ook aan U.**"

Kom luister asseblief Sondagoggend na die erediens wanneer ons meer inligting oor die feesjaar gaan gee, en ook ons feesjaar-embleem gaan bekendstel.



WAT KAN ALLES GESKENK WORD?



Kinderprodukte



Skoonheid



Akkommodasie



Meubels



Jag-pakket



Rally-ritte



Foto-sessie



Vleis verwerking



Klavier-lesse



Sport toerusting



HOE SKENK EK?


Vul net die Google Form in met jou produk/diens se inligting.

Skakel en QR-kode is op die plakkaat onder die afdak.

Kontak ons gerus met navrae:
Thomas Coetsee 061 197 3695 /
thomas@gkrietvallei.co.za



Geen wit-olifante nie asseblief.



WIE MAG AANSLUIT EN BIE?

Almal wat wil bie sluit aan by ons veiling se WhatsApp-groep.

Die QR-kode vir die WhatsApp groep:
Ook beskikbaar op die plakkaat teen die muur onder die afdak.



Dankiel

HOU DIE ELJADA DOP VIR MEER INLIGTING





GKR-WYNPROE



"EARLY BIRD" KAARTJIEVERKOPE IS OOP!



R150 P.P. (VOLWASSENES)

R60 P.P. (KINDERS)

KONTAK HEIDI VIR KAARTJIES
SLEGS 150 KAARTJIES BESIKKBAAR



21 NOVEMBER 2026
GK-RIETVALLEI SE
KERKGRONDE



Skandeer QR kode of klik op foto vir Google vorm vir kaartjies/inligting.

GKR-WYNPROE



ONS BENODIG

SKENKINGS:

WYN (KONTAK

DOREEN VIR

WYNLYS)

BILTONG/DROËWORS



KONTAKBESONDERHEDE:

HEIDI HOFFMAN

082 326 8968

DOREEN BIERMANN

079 189 9422





Gemeente-aksies

Kom ons help!



Ons gemeente doen 'n donasie-inisiatief vir die gemeente van Ramotse.

Skenk asseblief die volgende items:



Olie




"Baked beans"



Tuna

♥
Dankie vir jul vrygewigheid!



Plaas asseblief jou donasie in die **mandjie** in die **ingangsportaal**.



Koinonia

Gesin-kuier-aande

Vrydae 17:00-21:00

**ALMAL
WELKOM!**



GEREFORMEERDE KERK
RIETVALLEI
vir God • vir mekaar • vir die wêreld



Gemeente-aksies

Die Rietfluit
is op soek na 'n nuwe
redaksiespan!

Het jy 'n talent vir die skryf van stories,
foto's neem, uitleg ens.?
Wou jy nog altyd deel wees van 'n
redaksiespan?



Kontak Doreen Biermann
079 189 9422

En raak deel van die
Rietfluit-redaksiespan!



Onthou die Datum

— 29 November 2026 —

Hoekom?

Ons vier die geboorte
van Christus!

Hou jy van sing?

Kom sing saam in ons sanggroep ter
voorbereiding van ons Christusfees

Ons oefen Sondag 16:30